

Saterdag 29 Augustus

Skrifgedeelte: Prediker 9:13 – 10:3

Fokusgedeelte: Prediker 10:1

Ware wysheid is die wysheid wat God gee

Die gevaar bestaan dat selfs 'n bietjie dwaasheid die wysheid kan ontspoor. Die voorbeeld van die salfmengsel illustreer hierdie punt baie mooi – kyk hoe 'n paar dooie vlieë die chemie van 'n salfmengsel versteur en dit laat gis en stink.

Dit is wonderlik wanneer God iemand begenadig met hemelse wysheid. Dan word die oënskynlik onmoontlike, moontlik. Die Here doen dit alles.

Kyk na die kontraste in hierdie gedeelte. 'n Klein stadjie met min mense teenoor 'n magtige koning wat 'n stad met mag en krag wil inneem. Die arm, maar wyse, teenoor die oormag in dwaasheid. Die Prediker gaan verder deur vir ons te wys dat die rustige woorde van wysheid beter gehoor word as die geskreue van een wat heers oor dwase (vgl. Pred. 9:17). Dit sê vir ons dat die Here selfs die onaansienlike, soos hierdie arm man, kan gebruik om 'n stad te red van die aanslag van 'n magtige koning.

Die minagting van die arm man se wyse optrede lyk vir ons oënskynlik sinloos, maar hy hoef nie die eer vir sy wysheid te kry nie, solank die mense uiteindelik net die ware wysheid van God in sy optrede raaksien. In 'n lewende verhouding met die Here word die oënskynlik sinlose wysheid in die oë van die wêreld, vir jou sinvol.

Daar lê 'n stuk lewenswysheid in hierdie gedeelte opgesluit: As 'n mens wysheid verafgod, en net as 'n bloot menslike vaardigheid sien en nie as 'n gawe van God wat Hy deur sy Woord en sy Gees aan ons gee nie, dan beteken dit ook niks nie.

As jy ware wysheid, hemelse wysheid, wil hê, dan moet jy dit van God bid (vgl. Jak. 1:5).

Sing: Psalm 19-1:4

Ds. AH Steyn (Abel) (Lydenburg)